

## PRETORIUSKLOOF\*

In sy bekende biografie van een van die belangrikste Voortrekkerleiers, het dr. G. S. Preller soos volg geskryf:

„Andries Pretorius . . . het na sy huwelik (d.w.s. sedert 1818) gewoon op die plaas Pretoriuskloof, wat sy eiendom gebly het ook nadat hy die Kolonie verlaat't; maar het al geruime tyd op Letskraal, voor Sneeuwberg gewoon, tot hy in Okt. 1837 op verkenning uit is, agter Potgieter en die ander aan.

Pretorius was buitendien eenaar van verskeie ander plase, in die veldkornetskaps van Sneeuwberg.”<sup>1</sup>

Omdat Preller duidelik misgetas het met sommige van sy reeds karige feite oor Pretorius se lewe in die Kaapkolonie voordat hy getrek het, het ek probeer om groter helderheid te kry oor die gedagtegang en optrede van 'n vername figuur in 'n vername Oosgrensdistrik in 'n kritieke fase waarin die Groot Trek ontplooi het. Oor die bovermelde verkenningstog het ek meer lig probeer werp.<sup>2</sup> Onlangs het ek in aansluiting daarby 'n studie *Andries Pretorius se Grondverkoopings in Graaff-Reinet, 1837 tot 1838. 'n Hersiening van dr. G. S. Preller se gevolgtrekkings in Historia* gepubliseer. Daarin kon ek kortliks antwoorde gee op die belangrikste vrae wat ek gestel het — met een uitsondering. Ek moes rapporteer dat ek ook in die Akteskantoor en dié van die Landmeter-generaal in Kaapstad geen spoor kon vind van die plaas *Pretoriuskloof* waarop, volgens Preller, Pretorius nie alleenlik lank gewoon het nie, maar wat hy ook nog behou het nadat hy finaal getrek het.<sup>3</sup>

Drs. B. J. Liebenberg, wat besig is met 'n proefskrif oor dié Voortrekkerleier en so vriendelik was om die artikel te lees, het sy vermoede uitgespreek dat *Pretoriuskloof* nie 'n plaas was nie, maar wel 'n streek in die distrik Graaff-Reinet.

Dat hy reg was, blyk uit die relaas wat 'n Brit, George Nicholson, wat tydelik in die laat-herfs van 1843 in die distrik Graaff-Reinet met skape gaan boer het, van hierdie spesifieke landstreek gee. Omdat hy interessante besonderhede verskaf van toestande in 'n streek wat Andries Pretorius skaars vyf jaar tevore verlaat het, stel ons George Nicholson self aan die woord. Hy ry te perd uit die dorp Graaff-Reinet:

„On quitting the precincts of the village, the road traverses a plain, through which the serpentine line of bushes indicating the bed of the

\*Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het my ondersoek oor die Groot Trek finansieel gesteun. Ook hier erken ek met dank hulp verleen.

1. *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal*, 2de uitgawe, Johannesburg 1940, pp. 21-22.
2. C. F. J. Muller, *Andries Pretorius se Verkenningstog gedurende Oktober 1837 tot Januarie 1838, met spesiale aandag aan sy roete terug van Port Natal na Graaff-Reinet* (in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 1ste jaargang, nr. 1, Maart 1961, pp. 3-21).
3. 16de Jg., Nr. 1, Maart 1971, p. 6.

Sunday river is seen approaching the lofty range of the Snow Mountains, where it rises. I reached the foot of these mountains after two hours riding, and was assisted in the steep ascent of the first range by the only road, properly so called, which I had met with up to this time.

The pastoral capabilities of the country here began to improve, and I soon had evidence of their being well appreciated, by the numerous flocks which were to be seen grazing, attended by their ragged Hottentot or Fingo herdsman. The plains between the hills were plentifully supplied with tufts of the best kinds of "karroo" bush, and the hills nourished small tussocks of a greyish coloured grass, wherever the stones left space for them to grow. In this district, the substantial barn-like dwellings of the real Dutch stock-farmer of the old school are scattered about at distances averaging about ten miles between them. But very few Englishmen are settled among these mountains, except in Pretorius Kloof, a fine valley a few miles to the eastward, which is a favourite locality. The land throughout it is good, and extensively cultivated, while the hills afford, and are made available as, excellent pasture ground. The farms there, which all, more or less, have the advantage of a good supply of water from the Sunday river, are within convenient reach of each other, and several of them are occupied by members of the family of the Southes, creditably known by the courageous and active part they took in the Kaffir irruption, in 1834 and 1835.

Having crossed the highest part of the extensive range of the Sneeuwbergen, I commenced the north-eastern declivity, and after a day's ride of about sixty-five miles, reached my farm at nightfall."<sup>4</sup>

Uit Nicholson se reisbeskrywing is dit duidelik dat Andries Pretorius en van sy familie, voor hul vertrek na Natal, in 'n baie aantreklike vallei, betreklik digby Graaff-Reinet, hoofsaaklik met skape geboer het. Na alle waarskynlikheid het die mooi kloof in die Sneeuberge sy naam gekry omdat daar vroeg reeds lede van die Pretorius-familie gewoon het. Dat die Pretoriuskloof-streek vroeg reeds relatief digbewoon was, blyk uit Luitenant-kolonel T. Arbuthnot se *Military Sketch of the Eastern Frontier of the Cape of Good Hope 1812*.<sup>5</sup> Die presiese ligging van die plaas *Letskraal*, noordoos van die dorp Graaff-Reinet, word op verskeie gedrukte kaarte uit die Groot Trek-tydperk aangegee. Op albei kaarte van Suid-Afrika, gepubliseer deur J. Arrowsmith in Londen in Februarie 1836 en Februarie 1842, word dit aangemerkt. Ook James Wyld gee *Letskraal* aan op sy kaart van Suid-Afrika wat in Mei 1839 in Londen die lig gesien het.

Dat Andries Pretorius stewig daar gevestig was met familieledede, blyk uit die Opgaafrol van die veldkornetskap Voor-Sneeuwberg vir 1836. Benewens 25 perde en muile, 73 beeste, en 2 osse- of perdewaens, was 1 500 skape (waarvan 300 merino's) op sy naam geregistreer. In sy wyk

4. G. Nicholson: *The Cape and its Colonists: with hints to Settlers in 1848* by George Nicholson, jun., Esq., a late resident, Londen 1848, pp. 56-57.

5. W.O. 78/936: Kaartversameling in die Public Record Office, Londen.

waar 115 gesinne of individue gewoon het (en waar daar 'n hele aantal Pretoriussse aangetref word), was hy beslis een van die rykste boere.<sup>6</sup> Sy woonplaas was goed ontwikkel. Daar was nie minder as 7 000 wingerdstokke nie (behalwe sitrus -en ander vrugtebome) en o.a. 'n smids- en wamakers-winkel, en 'n meule.<sup>7</sup>

Toe Biskop Robert Gray teen die einde van Oktober 1850 op sy lang rondreis vanaf Kaapstad daar aandoen, vind hy die plaas in besit van mnr. Liesching. Die biskop word daar baie gasvry gehuisves en 'n smid word van daar gestuur deur Liesching om die gebreekte as van Gray se kar te herstel. Op 23 Oktober skryf die biskop in sy dagboek dat hy dankbaar is vir „such comfortable quarters. His farm (d.w.s. Liesching s'n) which is a very beautiful one, belonged to the rebel Pretorius”. Die nuus van *Boomplaas* was nog vars in Pretoriuskloof! Tot 28 Oktober is Biskop Gray verplig om daar oor te bly. Op Sondag 27 Oktober, hou hy twee dienste in Liesching se huis. Net soos Nicholson in 1843, vind Gray in 1850 die Engelssprekendes in Pretoriuskloof, 'n vreemde, geïsoleerde gemeenskap. In sy dagboek noteer die biskop op 28 Oktober: „I find the English round about this part of the country already speaking with great distrust and uneasiness of our proposed new constitution. They are, comparatively speaking, so few in number that they are afraid to make their sentiments known, and already suffering some little degree of oppression on the part of their more numerous neighbours.”<sup>8</sup>

Uit die besonder aantrekklike Pretoriuskloof sou Andries Pretorius nie maklik wegtrek op sy lang pad van moeitevolle leierskap na die Noorde nie. Eers verken hy deeglik en hy neem sy tyd. Kort voor sy verhuising, probeer hy nog om sy grondbesit daar uit te brei.<sup>9</sup> 'n Jaar na sy vertrek magtig hy nog die verkoping (vir £45) van 'n stuk grond daar wat weens die baie algemene foutiewe opmetings, nie aan sy plaas *Hoeksfontyn* gevoeg moes gewees het nie.<sup>10</sup> Daarmee sou sy laaste bande met Pretoriuskloof verbreek word.

Prof. C. F. J. Muller.

- 
6. J.139: Graaff-Reinet Opgaafrol, Voor-Sneeuwberg, 1836, nr. 23 en verder.
  7. Advertensie gedateer Graaff-Reinet, 27 Januarie 1838, in *De Zuid-Afrikaan* van 16 Februarie 1838.
  8. Diocese of Capetown, Part II. *A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony in 1850*, 2de ed., Londen, 1852, pp. 168-169.
  9. L.G. 545: A. W. J. Pretorius se petisie, gedateer 1 November 1836, pp. 178-180; G.R. 16/55: Siviele Kommissaris van Graaff-Reinet aan W. Smith, Koloniale Kantoor, Kaapstad, gedateer 21 September 1837 (Kaapse Staatsargief, Kaapstad).
  10. Transfers and Mortgages, T830, 9-14 Maart 1848, nrs. 108-176, 8 April 1848 (Kaapse Kantoor van Aktes). Vir die foutiewe opmeting deur landmeters in daardie jare, vgl. J. C. Visagie: *Willem Frederick Hertzog, 1792-1847*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van Suid-Afrika, 1971, Hoofstuk VII. In my artikel *Andries Pretorius se Grondverkopings in Graaff-Reinet, 1837 tot 1838* in die Maart-nommer van *Historia* (p.5) word die grootte van die plaas *Hoeksfontyn* as 2.059 morg ens. aangegee. Dit moet wees 2.059 morg ens.